INSTITUUT VIR EIETYDSE GESKIEDENIS
Die Universiteit van die Oranje-Vrystaat

| Bron nr. | Datum | Onderwerp nr. | Knipsel nr. |
| --- | --- | --- | --- |
| 0 0 3 5 | 9 9 0 2 1 8 0 4 9 | 8 | 9 1 9 |

Beeld Jg.......... Nr.......... P. 3 Dat. 18 FEB 1999

# Laer maatskappy belasting gaan groei in SA aanhelp

Pieter Bruwer

Benewens die verlagings in maatskappy- en persoonlike belasting, het die begroting vanjaar min verrassings opgelewer.

Die stilswye van die regering oor beleidsraamwerke en 'n moontlike inflasieteiken was egter teleurstellend, sê mnr. Jac Laubscher, hoofekonoom van Gensec Batebestuur.

"Die begroting is in die algemeen baie positief en aan die fiskale kant loop sake volgens verwagting.

" 'n Groot verrassing was die verlaging van maatskappybelasting.

"Nie net gaan dit goed ontvang word deur die individuele maatskappye in die land nie, maar dit gaan ook 'n positiewe uitwerking op die ekonomiese groei van Suid-Afrika hê," sê Laubscher.

Hy sê die sowat R2,5 miljard wat die regering deur die laer maatskappybelasting weer in die ondernemings terugploeg, kan ekonomiese groei aanhelp en die druk op maatskappye effens verlig.

Dit sal dit vir die onderskeie ondernemings moontlik maak om die geld weer vir nuwe ontwikkeling te gebruik.

Die betekenisvolle verlaging in inkomstebelasting vir die laer- en middelinkomstegroepe jaag die regering sowat R4,8 miljard uit die sak, maar sal bydra tot verhoogde private verbruikersbesteding en help om nuwe lewe in die ekonomie te blaas.

"Dit gaan meer geld in mense se hande stop.

"Die grootste verligting is vir die laerinkomstegroepe en ons kan aanvaar dat die geld op die aankoop van goedere bestee gaan word."

Hy sê die detail van die belastingbesteding is nie 'n verrassing nie. Dit is egter nou belangrik dat die regering fokus op die doeltreffendheid van die besteding weg van personeel na die gebied waar dit werklik benodig word.

Die top- marginale koers van R120 000 vir die hoër inkomstegroepe sal bekyk moet word, sê Laub-

TREFWOORDE

1 Eie Beeld
2 Ekonomie
3 Gensec
4 Kommentaar
5 Manuel T
6 Begroting
7 Parlement
8 Belasting
9 maatskappye
10 groeikoers

# INSTITUUT VIR EIETYDSE GESKIEDENIS
**Die Universiteit van die Oranje-Vrystaat**

| Bron nr. | Datum | Onderwerp nr. | Knipsel nr. |
| --- | --- | --- | --- |
| 0 0 3 5 | 9 9 0 2 1 8 0 4 9 | 8 | 9 9 b |

Beeld Jg.......... Nr.......... P. 3 Dat. 18 FEB 1999


scher.

Die blokkruiping wat deur die jare voorgekom het, veroorsaak dat dié kerf nie meer sogenaamde ryk mense insluit nie, maar eerder die gewone middelklas in die land.

"Iemand wat R120 000 per jaar verdien, is nie ryk nie.

"Ons is op die punt dat ons nie langer die fundamentele belastinghervorming in die land kan uitstel nie.

"Iemand sal die probleme moet bekyk," sê Laubscher.

Hy sê wat wel teleurstellend is, is die stadige pas waarin privatisering in die land plaasvind.

"Voordat die regering nie Eskom privatiseer nie, is die bydrae tot die begroting hieruit minimaal," sê Laubscher.

" 'n Land soos Brasilië het $22 miljard tot sy begroting gevoeg uit privatisering.

"Ons kan Suid-Afrika nie volkome hiermee vergelyk nie, maar die R4 miljard wat in die begroting genoem word vir die verkoop van staatsbates soos Sasria, is te min."

Laubscher sê die gevolge van die begroting op die kapitaalmark sal minimaal wees.

"Ek dink die mark verwelkom die feit dat belasting op pensioenfondse nie verhoog is nie.

"Die totale stilswye oor beleid en beleidsraamwerke was teleurstellend en meer kon hieroor gesê word. Die regering kan ook nie stop by die verlaging van die begrotingstekort van 3% van die BBP nie.

"Dit moet laer. Hier moet owerheidontsparing ook sterker aangespreek word.

"Die feit dat daar nie na inflasieteikens verwys is nie, is kommerwekkend.

"In die laaste paar weke is uitsprake gelewer deur top-regeringslui dat inflasie verder kan daal. Ek sou graag wou sien dat die regering aandui dat hy inflasieteikens gaan instel.

"Die markte sou dit goed ontvang het en dit kon aanleiding gegee het tot laer rentekoerse," meen Laubscher.

**TREFWOORDE**

1 ....................

2 ....................

3 ....................

4 ....................

5 ....................

6 ....................

7 ....................

8 ....................

9 ....................

10 ....................